NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 1 NOVEMBER 2020

TWEE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Skoolverlaters

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
JOSUA 24:1-3a, 14-25
PSALM 78:1-7
1 TESSALONISENSE 4:13-18
MATTEUS 25:1-13

SONDAG, 1 NOVEMBER
09:00 Oggenddiens: ds Johan Morkel DOOP GELEENTHEID VIR SKOOLVERLATERS Geen Aanddiens
MAANDAG, 2 NOVEMBER
18:00 Toelatingskommissie – Onderhoude word met die jongmense gevoer. Voogde moet asb kennis neem. 19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 3 NOVEMBER
Senior burger Bybelstudiegroep – **Geen** Kooroefening - **Geen** Dinsdag Mannegroep – **Geen**
WOENSDAG, 4 NOVEMBER
09:30 Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie Othello Biduur - **Geen** 10:45 Uitvoerende Kommissie - vergadering in die Moederskamer 19:00 Gemeentebediening en Blokleiers – vergadering in die Moederskamer
DONDERDAG, 5 NOVEMBER
09:00 Dienssentrum vir Seniors – Moedergemeente Kerksaal Openbaring Bybelstudie – **Geen** **Sopkombuis**: Elba Fourie, Mary Abrahams, Louis van Eeden, Paula Bester, Wilma Matthee, Elmaré Burger

VRYDAG, 6 NOVEMBER	
09:30	Gebedsbyeenkoms in Konsistorie – almal welkom
SATERDAG, 7 NOVEMBER	
SONDAG, 8 NOVEMBER	
	DRIE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD
09:00	Oggenddiens Belydenisaflegging Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek. Protokolle sal gevolg word. Geen Aanddiens

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
4. Ds Chris Barnardo is die naweek af.
5. Ds Hannes Burger is vanaf Dinsdag tot na volgende naweek met verlof.

EREDIENSTE

BAIE BELANGRIK!!! Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus **elke week** hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

1/11 George Fullard, Bettie Marais, Koos Voigt, Lianné van Schalkwyk, Susie Engelbrecht, Elmaré van der Merwe, Leréne Hamman, Lihan Swanepoel
2/11 Jovan de Bod, Lehani de Koker, Sheila Lambrecht, Reneé Bleeker
3/11 Sandra du Toit, Danie Heyns, Elize Steenkamp
4/11 René West, Mariana Bosman, Helené Britz
5/11 Louis Roos, Alta la Grange, Erna Carstens, Marlize Neethling, Sorina Greeff, Marlene Kotze, Mynie Bekker
6/11 Renier Hagen, Carli Visser
7/11 Mattie van Geems, Kitty de Klerk, Herman Hugo, Ronel le Grange

GEMEENTENUUS

1. Sonja Burrows is verlede Sondag oorlede.
2. Uschi Warner (Swaweltjiestraat) is die afgelope week oorlede.
3. Sophie Gourrah (Annandalestraat) het ‘n operasie ondergaan.
4. Barto Nel, seun van Sakkie en Lala Nel, is ernstig siek. Ons vra voorbidding vir hulle.
5. Baie geluk aan Koos Voigt (Brandstraat) en Kitty de Klerk (Botterblomstraat) wat hul 80ste verjaardag vier.
6. Stella Botes (Voogdystraat) het ‘n operasie ondergaan.

TIENDE MAAND DANKOFFER

Baie dankie aan almal wat reeds hul dankoffer gegee het. Die bedrag van R172 285 is reeds ontvang. Koeverte kan steeds enige Sondag in die kollekte mandjie geplaas word. Bydraes kan ook per EFT of Snapscan gegee word. Gebruik verwysing 10de Dankoffer.

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van ‘n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag ‘n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

VROUEOGGEND – ALTA DU TOIT NASORG

Alta du Toit Nasorg, Bellville, bied op Saterdag 28 November 2020 om 09:30 ‘n VROUEOGGEND aan by Goedgeleven, Durbanville.

Die gaskunstenaars is Dowwe Dolla en Leah. Kaartjies teen R295 per persoon is beskikbaar by marina@altadutoit.org.za

CHRISTELIKE AFHANKLIKHEIDSDIENS

Byeenkoms Maandagaande om 18:45 in die voorportaal van die aanbiddingsruimte van NGK Kuilsrivier-Suid. Ontmoet vir Ursula de Wet as gasvrou daar. Kontak haar vir enige navrae by 083 235 3933.

DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Die Drop & Go Projek gaan steeds voort met die insameling van kos vir die koskas waaruit kospakkies aan behoeftige gesinne verskaf word.

Die volgende produkte se voorraad is tans baie laag: Melk, Pasta, Koffie, Seep, Tandepasta en Toiletpapier.

Kontak die kerkkantoor of Piet Rootman by 0823750259 vir verdere inligting.

AKSIE SAMARITAAN

Die sopkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2020 tot 11 Januarie 2021. Dit is ‘n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daagliks afhanklik is van die sopkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting ‘n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot vir 100 kospakkies, maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van ‘n kospakkie beloop R600. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy ‘n hawelose dan borg. Jy kan kontant skenk of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Kleiner finansiële bydraes is ook welkom. Betaal dit in by die kerkkantoor. Die totale bedrag ontvang sal dan oorbetaal word.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2020. Die sperdatum vir kospakkies of gelde is Vrydag 11 Desember 2020.

Indien jy bereid is om ‘n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën.

LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys 2.5kg Suiker 1 pak Macaroni 1 pak Sopmengsel 500g Koffie
1kg Mieliemeel 450g Weetbix 1 pakkie(25) Teesakkies 500ml Olie
1 pakkie Cremora 1 boksie Cup-a-soup 2 blikkies Bullybeef Sout
2 blikkies Sardientjies 2 blikkies Gemengde Groente 2 blikkies Baked Beans
1 pakkie Koekies 1 groot pak Chips 1kg Koekmeel 5 pakkies 2min Noodles
1 bottel aanmaak Koeldrank 2 boksies Soja maalvleis 1kg Waspoeier

HUIS DE KUILEN

Aangesien Huis De Kuilen se jaarlikse basaar vanweë Covid-19 afgestel is, is besluit om op ‘n kleiner skaal ‘n **DEURLOOP STRAATMARK** te hou op Saterdag 28 November 2020 om 09:00.

Hulle benodig nog hulp by die worsrolle tafel, in besonder die volgende:
- rolletjies, souse, wors, sakkies vir worsrolle, *charcoal* of hout, servette of kontant.

Kontak hulle by 021 903 7055 indien jy wil help of iets wil skenk.

Die Kuilsrivier Dienssentrum is opsoek na iemand om droë koekies te bak vir verkope by Huis de Kuilen se straatmarkie die 28ste November 2020. Enige iemand wat dalk kan help met befondsing, bestanddele of koekies sal opreg waardeer word. Skakel vir Jolanda Smith by 021 903 7055 / 083 327 9556.

PROTEAHOOGTE GEMEENTE

WYNVEILING

Wynveiling – 19 November 2020

Met die verslapping van die inperkingsbevele, hou ons DV op 19 November 2020 die **Kosie Steenkamp-gedenkwynveiling** by Kaapzicht.

Kaartjies @ R200pp is by die Kerkkantoor beskikbaar.

NUUS OOR DIE NUWE BYBELVERTALING

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel met trots die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel bekend.

Die Bybel: 2020-vertaling, is die jongste, mees relevante Afrikaanse vertaling wat saamgestel is uit die nuutste beskikbare brontekste. Die vertaling streef daarna om lesers te laat voel of die Bybelskrywers van ouds in hul eie woorde self die wonderlike liefdesverhaal van God en die mens aan hulle oordra. Terselfdertyd is die teks in vloeiende, idiomatiese Afrikaans geskryf, met omvattende, beskrywende voetnote.

Die Bybel word amptelik op 29 November 2020 in Bloemfontein bekendgestel, maar kan egter reeds direk by die Bybelgenootskap verkry word. Die Bybels is in die volgende bindstyle en uitgawes beskikbaar:

AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband teen R129.00

AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks teen R329.00

Die nuwe vertaling is ongelukkig nog nie in grootdruk beskikbaar nie. Dit sal eers in die loop van 2021 beskikbaar wees.

Vir meer inligting oor *Die Bybel: 2020-vertaling* besoek gerus www.bybeldirektevertaling.co.za.

Om jou eksemplaar van hierdie nuwe Afrikaanse Bybel te koop, stuur ’n e-pos aan sales@biblesociety.co.za of besoek die aanlynwinkel.

Bestellings kan ook by die kerkkantoor geplaas word. Ons sal dan een groot bestelling plaas en sodoende spaar op afleweringskoste.

Kort Eerbetoon en dankie sê vir Sonja Burrows:

Ons Liewe Vader het Sonja op 25 Oktober 2020 om 01:35 kom haal om by Hom te wees sonder enige Lyding en Pyn.

Haar stryd teen kanker was kort gewees, sy het altyd gesê as die Here haar kom haal moet dit vinnig wees. Ek was by haar in Tygerberg Hospitaal tot die einde alhoewel sy in ‘n koma was, het ek met haar gepraat en julle almal se liefde en omgee aan haar oorgedra. Seker daarvan dat sy gehoor het en dit waardeer het. Sy is rustig en stil weggeneem van ons almal, ons sal haar mis op alle terreine waar sy beweeg het. Edith, Gert en ek sê baie dankie vir julle almal se ondersteuning en gebede, kom ons onthou haar soos sy was met ‘n klokhelder en duidelike lag wat jy wie weet hoe ver kon hoor en ‘n omgee hart vir almal. Sy het haar altyd laaste gestel en was tot die einde besorg oor haar liefling dogter Edith en skoonseun Gertjie, wat haar bygestaan en ondersteun het in al die tye, hetsy dit op of af was.

Sy het gelewe vir almal om haar en haar liefde het geen perke gehad nie. Familie en vriende en haar dierekinders was haar manier gewees om haar omgee en liefde te wys. Sy het die geseënde gawe ontvang om enige nuwe persoon onder haar vlerk in te neem en hulle op hul gemak te plaas. Sonja het ook glad nie voorgegee wie sy nie was nie. Sy het ons gewys dit maak nie saak wat jy in die lewe het of bereik het nie, liefde teenoor mekaar en jouself is als wat saak maak.

In Karl Bremer Hospitaal was sy meer bekommerd oor haar twee honde, Charlie en Spike as oor haarself. Sy het herhaaldelik vir my gevra dat ek vir almal moet sê om lief te wees vir mekaar soos wat Jesus ons lief het.

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat haar vir ‘n rukkie lank aan ons geleen het.

Ons gaan jou mis mamma, maar ons weet dat ons altyd vir Moeksie in ons harte het.

Tim Burrows, Edith en Gert Jacobsz

PREEKSKETS – 1 NOVEMBER 2020

TEMA: DIE KERK IS MET DIE ALMAGTIGE GOD OPPAD

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Josua 3:1 – 17

Lied vir Skoolverlaters: 268
Loflied: 190:1 - 3
Verootmoedigingslied: 239:1
Lied met doop: 287:1 en 2

Inleiding: Wat is die kerk? Wat beteken dit vir my om aan die kerk te behoort?

1. Die eerste opmerking: Ons is bevry van die mag van die sonde en het ‘n nuwe lewe in Christus ontvang.

1.1. Leef ons anders as die wêreldling? Is ons mense wat ons rug op die sonde keer en die nuwe lewe leef?

2. Tweede opmerking: Ons as kerk, as gelowiges, leef in die teenwoordigheid van die Almagtige God.

2.1. Die verhaal van Israel se intog in die Beloofde Land herinner ons aan die Almag van die lewende God! Dieselfde Almagtige God is steeds by ons.

2.2. Ons moet mekaar vertel van die ervaring van die Almag van God in ons lewens. ‘n Wonderwerk hoef nie noodwendig “groot” te wees nie!

3. ‘n Laaste opmerking oor wie ons as kerk is: Ons is mense wat die Here vertrou.

3.1. Die Israeliete het nie die onbekende land ingegaan met hul eie planne nie, hulle het die Here vertrou toe Hy gesê het as die priesters se voete die water raak, sal die water begin opdam.

3.2. Van ons as kerk in 2020 word dieselfde gevra: Om die Here op sy Woord te neem, om die Here, sy Woord te gehoorsaam!

Dit was tog ook die slagspreuk van die Hervorming: Terug na die Woord!